Vakature - Voltydse Gekombineerde Leraarspos
NG Gemeentes
Theunissen en Theunissen-Wes

Die leraarsposte van beide die NG Gemeentes in Theunissen het gelyktydig vakant geraak. Die gemeentes wil graag die dienste van 'n daartoe geroepe leraar bekom vir die gelyktydige bediening van beide gemeentes.

Gemeenteprofiele: Theunissen is 'n goedgevestigde, plattelandse boeregemeenskap in die Vrystaat, geleë aan die R30 en ongeveer 'n 100km noord van Bloemfontein en 60km suid van Welkom.

NG Theunissen: Die Theunissen-gemeente bestaan uit 277 belydende- en 58 dooplidmate en is in 1910 gestig. Die gemeente is verdeel in 14 wyke, waarvan vyf plaaswyke is.

NG Theunissen-Wes: In 1962 is besluit dat die Theunissen-Wes-gemeente gaan afstig van die Moedergemeente as gevolg van hoë lidmaatgetalle. Theunissen-Wes het in 2012 sy 50-jarige bestaan gevier. Die gemeente bestaan tans uit 223 belydende- en 49 dooplidmate, met 10 wyke, waarvan vier plaaswyke is. Die tehuis vir bejaardes, *Huis Moria*, vorm ook deel van albei gemeentes.

Leraarsprofiel: Die volgende is vir die kerkrade van belang in geskikte aansoeke:

- Aansoeker moet 'n gelegitimeerde leraar van die NG Kerk wees.
- 'n Sterk Gereformeerde teologiese uitkyk met besondere klem op die suiwerheid van die leer soos verwoord in die belydenisskrifte.
- Leraarsverpligtinge moet volgens Art 9 van die Kerkorde nagekom word.
- Entoesiasme vir die opbou van die gemeente deur persoonlike kontak met lidmate, pastoraat en huisbesoek.
- Die kandidaat moet geroepe voel vir die bediening in Theunissen.
- Opregte liefde vir Jesus Christus, Sy gemeente en Sy koninkryk moet uitgestraal word.
- Belange en werksaamhede van die gemeentes moet onderhou en uitgebou word.

Vergoeding: Vergoeding is onderhandelbaar met die sinodaleskaal as riglyn. 'n Ruim pastorie word ingesluit.

Aansoeke: Aansoekvorms is beskikbaar by **ngktheunissen@absamail.co.za**
Kantoor telnr: 057 733 0164
Faks: 086 2188924

Sluitingsdatum vir aansoeke: 7 Oktober 2018

Navrae: Andries Kriek - **NG Theunissen**, **nkriek@vodamail.co.za**, sel 082 829 4277
Johan Stander - **NG Theunissen-Wes**, **johan.stander@hinterland.co.za**, sel 083 576 6239